



# DIT IS VOLBRING

Week 10 - Weg met skuld en skaamte  
14 Oktober 2018



## 1. Godsdien verskil van die Evangelie:

Godsdien is doen, die Evangelie is ontdek

## 2. Godsdien lei na:

- i. skuld
- ii. skaamte
- iii. seer

- i. Skuld bring afstand, onvrymoedigheid, veroordeling en vrees teenoor die Here.
- ii. Skaamte is 'n innerlike gevoel van "ek is nie goed genoeg nie", en lei na vernedering en waardeloosheid wat verwerping tot gevolg het.
- iii. Seer is agv skuld en skaamte en nou kan die persoon nie heers nie. (bv. Rigters 6:11-15)

*Toe het die Engel van die Here gekom en gaan sit onder die terpentynboom wat by Ofra staan, wat aan Joas, die Abiësrïet, behoort het, terwyl sy seun Gideon juis koring uitslaan in die parskuip om dit te beveilig teen die Midianiete. En die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die Here is met jou, dapper held! Toe vra Gideon Hom: Ag, my heer, as die Here met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? (seer)*

*En waar is al sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê: Het die Here ons nie uit Egipte laat optrek nie? (afstand)*

*Maar nou het die Here ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete. (verwerping en seer)*

*Toe draai die Here na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie? Maar hy vra Hom: Ag, Here, waarmee sou ek Israel verlos? (waardeloos)*

*Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die geringste in my familie... (vrees ,nie goed genoeg nie, verneder)*

**- Rigters 6:11-15 (AFR53)**

## 3. Godsdien bring vrees

*Toe Gideon bemerk dat dit die Engel van die Here was, sê Gideon: Ag, Here Here! want ek het die Engel van die Here gesien van aangesig tot aangesig! Maar die Here sê vir hom: Vrede vir jou! Vrees nie! Jy sal nie sterwe nie. - Rigters 6:22-23 (AFR53)*

## 4. Die Evangelie maak van ons heersers

*Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. - Rom 5:17 (AFR53)*

## 5. Die Evangelie gee ons 'n nuwe identiteit

*Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. - 2 Kor 5:21 (AFR53)*